NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2016

VERBRUIKERSTUDIES
NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 200 punte

Hierdie nasienriglyne is voorberei vir gebruik deur eksaminatore en subeksaminatore, wat almal 'n standaardisasievergadering moet bywoon ten einde te verseker dat die riglyne konsekwent geïnterpreteer en toegepas word in die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal nie enige gesprek of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Daar word besef dat daar baie verskillende sienings oor sommige kwessies van beklemtoning of besonderhede in die riglyne kan wees. Daar word ook besef dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardisasievergadering, daar verskillende interpretasies van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

IEB Copyright © 2016

AFDELING A VOEDSEL EN VOEDING EN DIE VERBRUIKER

VRAAG 1

Gee die korrekte terme wat met die volgende stellings geassosieer word:

1.1 Osteoporose (volwassenes) Aanvaar: ragitis (kinders)
1.2 Anoreksie
1.3 Suikersiekte/Diabetes/Diabetes Mellitus/Tipe 1 of 2 Diabetes/Glukose intolerant
1.4 Glisemiese indeks (Glukemiese indeks)
1.5 Hipertensie/hoë bloeddruk
1.6 Aterosklerose **[6]K**

VRAAG 2

Pas elke tipe vet in Kolom A by die korrekte voorbeeld in Kolom B. Skryf slegs die letters neer.

2.1	D
2.2	A
2.3	B
2.4	C

[4]K

VRAAG 3

3.1 *Identifiseer die moontlike voedingstoftekort waaraan Sarah gely het.*
Ystertekortanemie /Bloedarmoede /Ystergebrek/Ystertekort (1)

3.2 *Verduidelik wat jou tot hierdie gevolgtrekking laat kom het.*

- Sy het die heeltyd baie moeg gevoel.
- Die feit dat sy tee/koffie saam met/na etes moes vermy, aangesien die tannien ysterabsorpsie belemmer.
- Sy is aangeraai om nie bruisdrankies te drink nie – karbonate inhibeer ysterabsorpsie.
- 17-jarige meisie – menstruasie kan lei tot ystertekort (3)

1 punt: identifiseer; 3 punte: motivering
[4] anal

VRAAG 4

Onderskei (verduidelik die verskil) tussen 'n voedselintoleransie en 'n voedselallergie en gee 'n voorbeeld van elk. Tabuleer jou antwoord soos aangedui:

	Intoleransie:	**Allergie:**
Verduideliking:	Intoleransie is 'n nadelige reaksie wat voorkom wanneer die liggaam op voedsel reageer asof dit gif is. Dit veroorsaak onaangename simptome, maar is gewoonlik nie skadelik of lewensgevaarlik nie. Dit gebeur elke keer wanneer die voedselsoort geëet word. Kan wees as gevolg van 'n gebrek aan 'n sekere ensiem, dus kan mens nie die voedsel verteer nie. Hou nie verband met die immuunstelsel nie – immuunstelsel word nie geaktiveer nie **2 feite (2)**	'n Allergie is wanneer die immuunstelsel op 'n proteïen in voedsel reageer, dit as skadelik beskou en teenliggaampies produseer om dit te beveg. Die reaksie kan ekstreem en lewensgevaarlik wees (anafilakse). **2 feite (2)**
Voorbeeld:	Glutenonverdraagsaamheid/seliakie. Laktose-onverdraagsaamheid (gebrek aan laktase). Kaffeïen/sjokolade (kan migraine veroorsaak). **Een voorbeeld**	Melkproteïne, neute, soja, vis veral skulpvis, koring, eiers. Seliakie toon sommige simptome van 'n allergie, maar nie die risiko van anafilakse nie. **Een voorbeeld**

2 punte om elke toestand te beskryf, 1 punt vir 'n voorbeeld van elk
[6] K

VRAAG 5

5.1 *Verduidelik die term "geneties-gemanipuleerde organismes" (GMO's).*
Wetenskaplikes kan gene identifiseer wat vir verskillende eienskappe van 'n organisme verantwoordelik is.
'n Sekere geen kan na 'n ander organisme oorgedra word, selfs een wat aan 'n ander spesie behoort.
Dit beteken dat genetiese materiaal op 'n wyse gewysig is wat nie natuurlik plaasvind nie.
Hierdie geneties-gemanipuleerde organisme (en sy nakomelinge) sal dan oor daardie eienskap beskik.
Genetiese manipulering word gedoen om die gehalte/eienskappe van 'n spesie te verbeter.
Verduidelik die vraag en moet daarom drie geldige redes gee om die punte te verkry. (3) K

5.2 *Daar is 'n wye verskeidenheid reaksies van lesers op die vraag wat in die artikel gevra is. Beredeneer die kwessie deur voor- en nadele van geneties-gemanipuleerde organismes (GMO's) te noem en kom tot 'n gevolgtrekking.*
[68% lesers het ja gesê – GM-voedsel is 'n "monster"; 12% het nee gesê; 20% weet nie]

Voordele van GMO's:	**Nadele van GMO's:**
Gewasse kan gemanipuleer word om plaagweerstandig te wees – boere kan minder plaagdoders gebruik, wat ekonomieser is, beter vir die omgewing en veiliger vir die plaaswerkers.	Dit is nie bekend of/hoe hierdie organismes die omgewing sal beïnvloed nie (die grond waarin hulle groei en ook insek-, voël- en dierelewe). GM plante en diere kan super organismes word wat die natuurlike plante-en diereryk bedreig

Gewasse kan gemanipuleer word om weerstandig teen onkruiddoders te wees, d.i. onkruid kan met chemikalieë bespuit word wat nie die gewasse doodmaak nie.	Dit is nie bekend wat sal gebeur indien GM-plante nie-GM-plante bestuif (uitkruising) nie – dit kan 'n uitwerking op voedselsekerheid en voedselveiligheid hê.
Gewasse kan gemanipuleer word om meer weerstandig teen siektes, droogtes of temperatuurskommelings te wees, d.i. gewasse kan in voorheen ongunstige gebiede verbou word.	GM-gewasse sal tot 'n afname in biodiversiteit lei.
Dit maak groter oeste moontlik, dus kan meer mense gevoed word (voedselsekerheid). Groei vinnig	Onbedoelde organismes kan geaffekteer word, bv. insekte wat nie 'n plaag is nie.
Produksiekoste kan laer wees (minder water en chemikalieë is nodig), dus kan die voedsel goedkoper vir verbruikers wees om te koop.	Antibiotika-weerstandige gene kan veroorsaak dat mense weerstandig teen antibiotika word.
Produkte het 'n langer raklewe, wat ook sorg dat meer mense gevoed kan word.	Daar is verskillende etiese kwessies wat oorweeg moet word, soos diere wat gemanipuleer kan word om groter te word of vinniger te groei.
Gewasse kan gemanipuleer word om verbeterde geur, tekstuur en voorkoms te hê.	Langtermyneffekte is nog onbekend, bv. omgewingsinvloed, uitwerking op mense se gesondheid (bv. veiligheid en giftigheid, of moontlike allergiese reaksies – tot dusver niks nie, maar is steeds 'n risiko). Die hoofargument teen GMO's is dat niemand weet wat die gevolge gaan wees om met die natuur te peuter nie.
Voedingswaarde kan verhoog word.	Aanvanklike proses baie duur – ontwikkelende lande kan GMO's nie bekostig nie
Voedsel kan as 'n eetbare entstof gebruik word. Sekere GM skape produseer 'n menslike proteïen in hulle melk wat onttrek kan word en gebruik word in die behandeling van sekere longkwale.	
Bakterieë en ander mikro-organismes kan gebruik word in die vervaardiging van medikasie, bv. insulien wat deur diabete gebruik word.	
Minder arbeidsintensief	

Ander punte om te oorweeg wat kandidate kan gebruik:

- Mense in sommige lande eet reeds vir omtrent 20 jaar al GM-voedsel – geen nadelige uitwerking is sigbaar nie.
- Plante en diere word al vir honderde jare vir hul mees gewenste eienskappe geteel.
- Gene gaan in die natuur van een spesie oor na 'n ander een en word ook deur konvensionele planttelers bewerkstellig. Koring is 'n voorbeeld van 'n kruisspesiehibried.
- Genetiese manipulasie is baie presies en wetenskaplik.
- Vergeleke met ander voedselproduksiemetodes, bv. kunsmatige bymiddels, ens. kan GM-voedsel natuurliker/meer gewens wees.
- Daar is kommer oor die beheer van GM-sade (groot maatskappye monopoliseer).
- Baie wetenskaplikes dink dat dit 'n veilige manier is om voedsel te produseer en noodsaaklik vir toekomstige voedselsekuriteit is.

IEB Copyright © 2016

Gevolgtrekking: kandidate moet tot 'n gevolgtrekking kom, óf vir óf teen GMO's.

Byvoorbeeld: stem saam omdat wetenskaplike metodes soos genetiese manipulasie noodsaaklik is ten einde genoeg voedsel te produseer om 'n steeds groeiende wêreldbevolking te voed/om bekostigbare voedsel te produseer/om die gebruik van kunsmatige chemikalieë en giftige spuitmiddels te verminder ...

OF stem nie saam nie omdat mense nie met die natuur moet inmeng nie/kan nie weet wat uitwerking op lang termyn gaan wees nie totdat dit laat is om dit om te keer/dit is oneties/kan gemonopoliseer word ...

~~4 voordele, 4 nadele~~ plus 1 punt vir <u>gevolgtrekking</u> (nie net "stem saam/stem nie saam nie")

Dit hoef nie vier van elk te wees nie omdat die vraag nie spesifiseer dat dit beide voor-en nadele moet wees nie + 1 punt vir die gevolgtrekking

(9) toep

5.3 *Stel redes voor waarom die meerderheid* Fair Lady se *lesers blyk bewus van die nadele van GMO's te wees:*

- Onkundig – hulle weet nie genoeg oor die onderwerp nie, het mense hoor praat (oorvertellings)/opskrifte gesien, ens. en het gevolgtrekkings gemaak sonder om meer uit te vind.
- Hulle verstaan nie wat regtig met die gewasse gedoen word nie en neem aan dat dit onwenslik/gevaarlik is.
- Hulle neem aan dat GM-voedsel van minderwaardige gehalte is omdat dit goedkoper is.
- Genetiese manipulasie word as inmenging by die natuur beskou sonder om die moontlike gevolge te ken – mense is bang daarvoor.
- Die media/sosiale media/internet inskrywing het baie negatiewe publisiteit gegee, bv. die titel is soos volg bewoord – "... die **monster** wat ons dink dit is"; dit kon hul mening beïnvloed het.
- Organisasies soos Greenpeace en sommige wetenskaplikes is baie teen sulke "peuter met die natuur" en laat hul stem hoor – dus kon mense goed gehoor het, maar net een kant van die argument.
- Om voedsel te etiketteer is onvoldoende, dus is mense nie vertroud met GMO's nie/besef nie hulle eet dit waarskynlik gereeld as bestanddele in verwerkte voedsel nie.
- Veiligheid van GM voedsel in nog nie vir seker vasgestel nie en mense is onbewus van die langtermyn gevolge.
- Mense is meer ingelig en bewus van die gesondheidsgevolge; hulle is meer bewus van die nadele van GM produkte

(Aanvaar ander geldige argumente) (5) sin

[17]

VRAAG 6

Beveel drie voedselsoorte/drankies uit onderstaande lys aan wat die beste sal wees vir 'n persoon wat volskaalse Vigs het. Motiveer jou keuses deur 'n geldige voedingstof-verwante voordeel vir elk te verskaf. Moet nie redes herhaal nie.
Tabuleer jou antwoord soos aangedui:

Aanbevole voedselsoorte/drankies:	**Redes:**
Lensiesop	• Goeie bron van oplosbare vesel – nuttig vir diarree, vertraag leegmaak van maag

	• Sop – help met dehidrasie – vul verlies van vloeistowwe aan • Vitamien- en mineraalryk – help om verswakte immuniteit te ondersteun • Vullend vanweë veselinhoud • Koolhidrate = energie (een voedingsrede)
Gegeurde melk	• Melk is voedsaam – proteïen (immuunstelsel/teenliggaampies, bevorder wondgenesing, voorkom spierverlies), kalsium (versterk tande en bene), vitamiene vir gesondheid en liggaamsfunksies • Gegeurde melk sal versoet wees – suiker sal ekstra energiewaarde verskaf • Maak deel van vloeistofinname uit – 'n voedsamer keuse as water of koeldrank; vloeistofplaasvervanger is noodsaaklik weens diarree vomering (een voedingsrede)
Roereiers op roosterbrood	• Stysel in brood vir energie • Stysel sal help om gewig te handhaaf • Proteïene is vullend – kan 'n klein hoeveelheid op 'n slag eet en bevredig wees; eiers is ook voedingstofdig • Proteïene wat vir immuunstelsel/teenliggaampies nodig is, bevorder wondgenesing, voorkom spierverlies (een voedingsrede)
Macaroni-en-kaas	• Stysel in pasta vir energie • Stysel sal help om gewig stabiel te hou • Melk en kaas vir voedingstofdigtheid (proteïene, kalsium, vitamiene soos hierbo) (een voedingsrede)

Verwys in die tabel vir spesifieke nutriëntspesifikasie:

Proteïene	Peulgroente, Eiers, Melk, Kaas	• Bou en versterk immuunstelsel • Verhoed verlies aan spiermassa
Vitamien A	Eiers, Kaas	• Hou vel, slymvliese in longe en spysvertering stelsel in stand • Anti-oksidant verhoed skade aan selle en voorkom infeksies
Vitamien B6	Lensies	• Hou immuun- en senuweestelsel gesond
Selenium	Melk, Kaas, Eiers	• Aktiveer T-helper selle • Anti-oksidant verhoed skade aan selle en voorkom infeksies
Sink	Melk, Kaas	• Beskerm en versterk immuunstelsel
Yster	Lensies, Eiers	• Hou immuunstelsel in stand

Enige 3 keuses hierbo in gegewe lys en 'n verskillende voedingsrede vir elk (3 × 2) anal
[6]

Kandidate kan nie die volgende vir die volgende redes kies nie:

Voedselsoorte/drankies <u>nie</u> beste keuses nie:	*Rede:*
Geroosterde volkoringbrood en Marmite	*Volkoringbrood bevat growwe deeltjies en roosterbrood is hard – kan 'n seer mond seermaak; Marmite kan te sterk wees en seer mond brand. Onoplosbare vesel bevorder peristalse. (Sal diarree vererger.)*
Swart koffie	*Vermy kaffeïen – dit dehidreer 'n mens. (Vigs-pasiënt gooi dalk op en het dalk diarree, verloor dus vloeistowwe.)*
Sjokolademousse	*Te ryk – Vigs-pasiënt sal waarskynlik naar wees; rou eier – risiko van salmonellabesmetting – immuniteit is laag.*
Diepgebraaide vis en aartappelskyfies	*Te vetterig – sal diarree vererger, naar voel*

VRAAG 7

7.1

B	F	G

(3) K

Letters kan in enige volgorde wees

7.2 *Gegrond op jou kennis van die voedingstowwe en voedselgroepe, bespreek breedvoerig die bevindings van die navorsers (in die hulpbronmateriaal) vergeleke met professor Noakes se standpunt dat 'n laekoolhidraat-, hoëvetdieet 'n grote invloed op gewigsverlies sal hê. In samevatting, stel die beste tipe dieet vir 'n vetsugtige persoon voor.*

- Koolhidrate (stysel en suiker) is energievoedselsoorte en verskaf kilojoules. Indien energie nie gebruik word nie, word die orige kJ as vet geberg, dus sal minder suiker en stysel in die dieet tot gewigsverlies lei. Hipoglukemie minder suiker in die bloed wat lei tot minder berging van liggaamsvet.
- Noakes beveel hoë vet aan wat hoog in kilojoules is – maar vet het 'n hoë versadigheidswaarde, dus eet mens minder. Hoë vetinname verhoog cholesterolvlakke
- Kilojoules wat geëet word, moet balanseer met energie wat gebruik word, om gewig te handhaaf (nie optel of verloor nie) – dit is op albei diëte van toepassing.
- Hoë GI-koolhidrate, soos suiker en verfynde stysel, het 'n lae versadigheids-waarde en laat mens gou nadat geëet is weer honger voel, wat tot ooreet lei.
- Hoë GI-koolhidrate, soos suiker en verfynde stysel, dra tot gewigstoename by deur "leë kilojoules" te verskaf.
- Daar word algemeen geglo dat om koolhidrate uit te skakel 'n goeie manier is om gewig te verloor – maar daar is "goeie koolhidrate" (vrugte, groente, volkoring-produkte) wat waardevol en voedsaam is en "slegte koolhidrate" (verfynde, in peuselhappies, versoete drankies, ens.) wat vermy of beperk kan/moet word.
- Lae GI-koolhidrate verskaf vesel en is vullend – dit help om eetlus te beheer en sal dus met gewigsverlies help.
- Mens moet nie 'n hele voedselgroep vermy nie – moet die korrekte balans van voedseltipes eet om goeie gesondheid te handhaaf (voedselpiramide).
- Die navorsers het bevind dat gewigsverlies meer te make het met die totale kilojoules wat ingeneem word eerder as watter voedselsoorte die kilojoules verskaf. Vette het 'n baie hoër energie-/kJ-waarde as koolhidrate, maar minder vet is nodig om vol te voel.
- Proteïne kan ook energie verskaf, maar dit is vullend en het 'n goeie versadigdheidswaarde, help dus om eetlus te beheer; om egter met gewigsverlies in verband te bring, moet matige eerder as groot hoeveelhede geëet word (of ander geskikte opmerkings).

Gevolgtrekking: Die navorsers het nie beduidende voordele van 'n laekoolhidraat-hoëvetdieet vir gewigsverlies oor langer tydperke gevind nie, hoewel die LKHV-dieet geneig is om vinnige en bemoedigende gewigsverlies aan die begin van die dieet te veroorsaak. Die LKHV-dieet mag die vetsugtige persoon motiveer om gewig te verloor, maar enige van die twee sal mettertyd effektief wees. (Of ander geskikte gevolgtrekkings.)

- **Slegs 2 dieetriglyne kan aanvaar word.**

9 punte = 9; gevolgtrekking 1
8 punte = 8; gevolgtrekking 2
(10) eval

IEB Copyright © 2016

7.3 *'n Middeljarige man het 'n LMI van 38 (vetsugtig). Hy loop dus die gevaar om sekere dieetverwante siektes/gesondheidsprobleme te ontwikkel. Noem en verduidelik drie van hierdie gesondheidsprobleme.*

Koronêre hartsiekte /Kardiovaskulêre infeksie/ Hartaanval/
Verhoogde cholesterol

- Oorgewig plaas stremming op sy hart, aangesien dit harder moet werk om bloed in sy baie groot lyf te pomp, wat sy risiko vir hartsiekte verhoog.
- Sy hoë LMI dui aan dat hy vetsugtig is (op pad na morbiede vetsug), wat beteken dat hy waarskynlik 'n ongesonde dieet, ryk aan vetterige voedsel volg, daarom loop hy gevaar van 'n hartsiekte weens hoë cholesterolvlakke. Dit kan aterosklerose en hartaanvalle veroorsaak.
- ’n Wasagtige stof genaamd plaakbou op in die koronêre arteries. Hierdie suurstofryke bloedvoorsiening word dan beperk.

Arteriosklerose

- Die vernouing van die are veroorsaak deur 'n opbou van cholesterol en plaak in die arteries

Suikersiekte/Diabetes /Hiperglukemie

- Tipe 2-diabetes kan deur oormatige kilojoule-inname tesame met 'n gebrek aan oefening en ouer ouderdom veroorsaak word. Vetsugtige mense doen oor die algemeen nie baie/enige oefening nie. Sy vetsug stel dus hierdie middeljarige man in gevaar vir tipe 2-diabetes.
- Sy dieet is waarskynlik hoog in verfynde koolhidrate, suiker en vette en laag in vesel – dit kan maklik mettertyd tot tipe 2 diabetes lei.
- Indien hy hoë bloeddruk het, loop hy groter gevaar om diabetes te ontwikkel.
- 'n Toestand waar die liggaam nie die glukose- (suiker-) vlakke in die bloed kan beheer nie
- Diabetes is dieetverwant. Die liggaam reageer of produseer nie genoeg insulien nie. (HIPERGLUKEMIE)
- ’n Oormaat van glukose in die bloedstroom, dikwels geassosieer met Diabetes Mellitus

Hipertensie/hoë bloeddruk /Beroerte

- Vetsug gaan gepaard met swak dieet – hierdie man het waarskynlik sy liggaam aan verwerkte/geriefs- of gemorskos blootgestel, wat 'n hoë sout- en vetinhoud het (versadigde/transvette – dra by tot opbou van plaak in die slagare) – dit kan hoë bloeddruk veroorsaak.
- Hipertensie kan tot hartsiekte/hartaanval/kongestiewe hartversaking, beroerte en niersiekte lei.
- Bloeddruk is die druk van bloed teen die mure van die arteries wanneer die hart klop en wanneer dit rus.
- Vetsugtige mense is geneig tot hoë bloeddruk. Dit kan lei tot beroerte, nierversaking asook hartaanvalle.
- BEROERTE: wanneer die bloedtoevoer na 'n gedeelte van die brein onderbreek of drasties verminder word en die breinweefsel van suurstof en nutriënte weerhou word.

Kanker

Daar is bevind dat vetsug ook 'n risikofaktor vir sekere tipes kanker is – bv. kolonkanker, waarskynlik gekoppel aan 'n laeveseldieet wat baie verwerkte voedselsoorte bevat. Kanker floreer op 'n hoësuiker-omgewing – waarskynlik in 'n vetsugtige persoon.
’n Siekte wat veroorsaak word deur ’n ongekontroleerde verdeling van abnormale selle in die liggaam.

Asma en borsinfeksies

- Vetsug plaas spanning op die longe en vetsugtige mense sukkel dikwels om asem te haal.
- Dit gaan dikwels gepaard met 'n sittende leefstyl/gebrek aan fisiese aktiwiteit, wat algemeen in vetsugtige persone voorkom.

Punte word nie toegeken vir vetsugtigheid nie
Gesondheidsprobleme moet met vetsug in verband gebring word.
Noem 3 toestande = 3; verduidelik 3 toestande = 3
(6) toep
[19]

VRAAG 8

In watter mate dink jy het hierdie verbruiker vanpas of onvaspas in hierdie situasie opgetree/ gereageer? Bespreek breedvoerig en kom tot 'n gevolgtrekking.

Die verbruiker het reg/gepas opgetree:

- Daar is by die bestuurder gekla – dit is die regte persoon om te nader.
- Daar is onmiddellik gekla.
- Verbruiker was selfgeldend om te ontvang wat hy/sy as sy/haar reg op die spesiale aanbod beskou het.
- Hy/sy was bewus van sy/haar verbruikersreg om te kry wat geadverteer is/om te kla oor onetiese reklame.
- Hy/sy sal nie weer daar inkopies doen nie – verbruikers kan ontevredenheid uitdruk deur elders inkopies te doen sodat onbevredigende goedere of diens nie ondersteun word nie.
- Hy/sy het die klagte verder gevoer – hy/sy het 'n waghondorganisasie genader en sodoende verseker dat ander verbruikers van die vals reklame bewus gemaak word.

Die verbruiker se gedrag was nie van pas nie:

- Hy/sy erken dat hy/sy kwaad was toe hy/sy met die bestuurder gepraat het – dit kon as ongeskik of aggressief oorgekom het. Hy/sy het in 'n oomblik van woede opgetree en sy/haar emosies toegelaat om die reaksie te bepaal – hy/sy moes kalm gebly het.
- Gewoonlik is om die media te betrek die laaste stap in die klagteprosedure. Hy/sy moes ander metodes probeer het om eers die klagte op te los voordat die waghondorganisasie gekontak is.
- Hy/sy kon die supermark se hoofkantoor gebel/ge-e-pos/'n brief geskryf het voordat die klagte in die openbare domein op die hellopeter-webwerf geplaas is. Daar was twee kwessies – die misleidende reklamebord vir die spesiale aanbod en die onbeskoftheid van die bestuurder wat deur die hoofkantoor hanteer kon geword het.
- Indien die kwessie steeds nie opgelos kon word nie, kon die Gesagsvereniging vir Reklamestandaarde oor die misleidende/vals reklame genader word.
- Inligting wat deur verbruikers aan mekaar oorgedra word, is egter baie kragtig, en dit word bereik deur iets op die webwerf te plaas.

Gevolgtrekking:

Hy/sy het in 'n groot mate korrek opgetree, hoewel daar ander maniere is om verbruikershulp te kry voordat dit openbaar gemaak word OF hy/sy het nie van pas opgetree nie, aangesien hy/sy moes probeer het om die kwessies op te los voordat dit openbaar gemaak is ... of ander gepaste opmerking.

Kandidate moet begrip van die situasie toon
7 punte vir bespreking, 1 vir gevolgtrekking
Om die volle punte te kry, moet hulle 'n paar positiewe én ook 'n paar negatiewe punte bespreek.
[8] eval

70 punte

AFDELING B KLEDING EN DIE VERBRUIKER

VRAAG 9

9.1	D
9.2	A
9.3	G
9.4	E
9.5	F
9.6	B

[6] toep

VRAAG 10

Noem en bespreek drie sosiale faktore wat modeveranderings beïnvloed.

- **Verskillende marksegmente,** soos die jeug, bejaardes het verskillende modes en style wat by hul ouderdom pas, nodig.
- **Verhoogde beweeglikheid/reis –** baie mense werk en hou vakansie in ander lande, word dus aan ander kulture en neigings blootgestel.
- **Opvoeding –** tipes werk en inkomstevlakke die **veranderende rol van vrouens** in die werkplek beteken hulle het werksklere nodig/wil modieuse werksklere hê.
- **Leefstyl –** sport-/gim- en ontspanningsdrag is in aanvraag vanweë die volg van 'n gesonde leefstyl; mense het ook 'n groter behoefte aan slenterdrag as in die verlede – informele modes is in aanvraag.
  Leefstylveranderings – groter stedelike leefstyl vereis meer modeklere en moedig modeveranderings aan.
- **Portuurgroepe/portuurdruk –** veral tieners wil konformeer en inpas, en volg dus modeveranderings om te verseker dat hulle by hul groep inpas.
- **Bekende persoonlikhede en glanspersone** het 'n invloed op modes en neigings, aangesien mense deur die rykes en beroemdes beïnvloed word.
- **Godsdiens en kultuur** – sommige godsdienste vereis sekere kleredragstyle en -standaarde; baie kulture het tradisies rakende klerasie. Kulturele feeste stel besoekers aan nuwe modes bloot tydens hierdie gebeurtenisse. Interkulturele kontak en subkulturele groepe stel nuwe modes bekend.
-
- **Huidige gebeure,** bv. sokker-/rugbywêreldbeker, koninklike troue/swangerskap, ook rampe en oorloë het 'n uitwerking op klere wat beskikbaar is en dus op modekeuse van mense.
- **Geografiese plasing –** stedelike teenoor plattelandse (landelike) invloede modesverandering
- **Media** – modesveranderings as gevolg van die invloed van TV, tydskrifte, Internet, ens.

As hulle die verkeerde sosiale faktor noem, maar hulle beredenering is toepaslik, kan hulle 1 punt toegeken word vir beredenering.

3 faktore bespreek
(3 × 2 = 6)
[6] K

VRAAG 11

Lees onderstaande stelling wat deur die beroemde klere-ontwerper, Versace, gemaak is. Ontleed wat hy met die stelling bedoel het en motiveer of jy met sy mening saamstem of nie.

"Wanneer 'n persoon sy of haar styl te veel van seisoen na seisoen verander, raak hy/sy 'n modeslagoffer"

[Aangepas uit: Versace <www.behtek.com>]

- Modeslagoffers is slagoffers omdat hulle vatbaar is om modegiere te volg en aan die nuutste modes te konformeer – volg dus samelewing se neiging in plaas van om hul eie sin van styl te ontwikkel. Hy bedoel dat hy/sy 'n modevolgeling is eerder as sy/haar eie styl te ontwikkel en daarby te hou. /reflekteer of selfbeeld (status simbool)/ gebrek aan individualiteit.
- Mense moet aantrek om by hul figuur, kleur, persoonlikheid, leefstyl en ouderdom (te jonk aantrek) te pas eerder as om te verander wat hulle dra volgens die nuutste neiging, aangesien nie alle modes almal pas nie. Persone wat nie hul eie styl het nie, gaan elke seisoen 'n nuwe voorkoms hê volgens die nuutste modeneigings – wat nie noodwendig by hulle pas nie. Mense behoort hul voorkoms te hersien en modes aan te pas by wat hulle pas en nie net omdat daar iets nuuts of anders is nie.
- Nuwe modes en modeveranderings is meestal weens kommersiële belang van die modebedryf – modeslagoffers is slagoffers van hierdie materialisme en winsmakende verbruikersdruk. Ekstra verbruikers uitgawe = slagoffer
- 'n Slagoffer beteken 'n lyer of ongeval. 'n "Modeslagoffer" is dus iemand vir wie die spesifieke mode nie geslaagd is nie.
- Sekere modes wat nie by hul persoonlike styl pas nie, moet verwerp word om nie 'n modeslagoffer te wees nie – hulle kan modieuse bykomstighede gebruik om modern en byderwets te lyk.
- As iemand dit kan bekostig om gereeld hulle klerekas aan te pas en te verander is hulle nie 'n slagoffer nie – tree op as 'n status simbool

Kandidate kan saamstem of verskil, maar moet redes bespreek. Geen punt vir stem saam/stem nie saam nie.

[5] anal

VRAAG 12

12.1 *Die illustrasies A en B beeld albei 'n sekere modesiklus uit. Identifiseer en verduidelik hierdie tipe modesiklus.*

Modegier

Dit is 'n mode wat tot die mark toetree en vinnig gewild raak.

Dit is kort van duur en verdwyn vinnig – dikwels binne 'n seisoen of selfs gouer.

Dit is dikwels oordadig/uitspattig en nie goed gemaak nie/nie goeie gehalte nie.

Daar is 'n groot vraag daarna, gewoonlik deur preadolessente/tieners/jong volwassenes, maar het nie die vermoë om verbruikers se belangstelling vir 'n langer tydperk te behou nie.

1 punt om te identifiseer en 2 punte om te verduidelik

(3) toep

12.2 *Teken 'n benoemde diagram/grafiek van die modesiklus wat op hierdie illustrasies van toepassing sal wees.*

Kandidate moet 'n hoë, smal kurwe teken om 'n modegier te toon = min mense dra dit
Twee asse wat gepas benoem is (tyd/jare; getal mense/bevolking/verkope) (3) sin

12.3 *Voorsien byskrifte vir die vyf stadia van die modesiklus op jou diagram of grafiek.*



5 fases benoem: bekendstelling/begin/bekendmaking/innovering, opkoms/groei/toename piek/hoogtepunt/volwasse afname/vermindering/ val, uitgedien/uit die mode/einde/verwerp (5) K
[11]

VRAAG 13

Vergelyk die invloed op die natuurlike omgewing van die produksie van 'n hemp van poliëster en konvensioneel verboude katoen deur die volgende aspekte te bespreek. Beantwoord in tabelvorm soos aangedui.

	Poliëster	Konvensioneel verboude katoen
Volhoubaarheid	• Poliëster is 'n vervaardigde/ mensgemaakte/ sintetiese vesel wat van ruolie/petroleum gemaak word wat 'n **niehernubare hulpbron** is/nie volhoubaar is nie. • Om vir kool te myn en vir olie te boor, veroorsaak **omgewingskade en vernietig ekostelsels** – dit is ook nie volhoubaar nie. • Poliëster is die sintetiese vesel wat die meeste gebruik word, dus word **groot volumes geproduseer** – het 'n groot invloed op gebruik van grondstowwe en skep van afval. • Hergebruik lei tot volhoubaarheid, bv. PET	• Katoen kan oor en oor geplant word en kan aanhou groei – is volhoubaar, **maar** baie grond is nodig = **verlies aan biodiversiteit** en ook **degradasie van grond** wat nie volhoubaar is nie. • Dit is 'n gewas wat in baie lande van die wêreld verbou word en het dus 'n **groot invloed** ten opsigte van volumes wat geproduseer word – dit veroorsaak vernietiging van groot stukke grond – dit is nie volhoubaar nie.

Energiegebruik	• Poliëster is 'n sintetiese vesel wat baie gebruik word, dus word groot volumes geproduseer wat 'n **groot invloed op energiegebruik** – ontginning, vervoer vanaf die myne, vervaardiging van die vesels en verwerking in kledingstowwe en klere, soos die hemp.	• Katoen vereis **verwerking** wat plaastoerusting (brandstof) en groot fabrieke en masjinerie gebruik – dit **gebruik dus baie elektrisiteit** en is baie skadelik vir die omgewing.
Besoedeling	• Besoedeling word van begin tot einde veroorsaak – ontginning, vervoer, die fabrieke en masjinerie, produksie van verpakking wat gebruik word – **alles veroorsaak giftige vrystellings** wat die lug besoedel. • Neweprodukte van poliësterproduksie word in die afvalwater van poliëstervervaardigingsaanlegte vrygestel – baie water word gebruik en **besmet**, dus kan dit nie weer gebruik word nie.	• Katoenproduksies sal grondbesoedeling veroorsaak, hoofsaaklik deur die gebruik van **kunsmis**; lugbesoedeling deur met **plaagdoders** te spuit. • **Bleikmiddels, kleurstowwe** en ander **afwerkings (**krimpwerend, antibakteries, antimikrobies, antistaties, reukloos, vlamtraag, kreukeltraag, vlekbestand) wat in katoenproduksie gebruik word, bevat almal **chemikalieë wat toksies is/**die water besoedel.
Bioafbreekbaarheid	• Poliëster is **nie bioafbreekbaar** nie – poliësterkledingstowwe wat weggegooi is, sal vir baie jare in opvullingsterreine bly. • PET-bottels is egter **herwinbaar** en kan in poliëster van 'n goeie gehalte verwerk word sodat minder van nul af vervaardig moet word – minder skade aan die omgewing.	• Katoen is **bioafbreekbaar**, dus sal dit in die grond disintegreer.
Watergebruik	• **Baie water** is vir ontginning en al die prosesse om poliëster te vervaardig, nodig. • Omdat die **water wat gebruik is, so besoedel** is, kan dit nie vir iets anders gebruik word nie, dus word meer skoon water vereis. • Beduidende watergebruik gedurende kleuring voltooiing water gebruik om oormatige kleursel uit te was.	• Katoenproduksie vereis **baie water** – om die gewasse te verbou en gedurende die skoonmaak en verwerking. • Omdat die **water wat gebruik is so besoedel is**, kan dit nie vir iets anders gebruik word nie en dus is meer skoon water nodig. • Oormatige watergebruik in kleuring: voltooiing gebruik om oormatige kleursel uit te was.

1 punt vir elke faktor (5) **1 punt vir elke faktor (5)**

Faktore moet bespreek word – nie eenwoordantwoorde nie; moet begrip toon

Slegs halwe punte word toegeken vir hierdie vraag as dit net genoem word en bespreek is nie

[10] sin

VRAAG 14

14.1 *Gee twee voorbeelde van geregistreerde handelsname in die artikel.* (2) begrip

Nike, Roxy, Lion

14.2 *Stel vier redes voor waarom daar 'n groot mark vir nagemaakte handelsmerk-goedere is.*

- Tieners en jong volwassenes hou daarvan om handelsnaametikette te dra om in te pas en sosiaal deur hul portuurgroep aanvaar te word.
- Handelsname onder volwassenes vervul agtingsbehoeftes vir sommige mense, aangesien baie handelsname as statussimbole beskou word – mense hou daarvan dat dit lyk asof hulle 'n hoër sosiale status het of om ryker voor te kom as wat hulle is.
- Egte handelsname is dikwels duur, dus koop mense die nagemaakte artikels, aangesien hulle goedkoper is.

IEB Copyright © 2016

Mense wat goedkoop nagemaakte klere koop, sal meer "handelsnaametiket"-items kan koop wat binne hul begroting is, in plaas van net een of twee egte items.

- Die regte handelsname adverteer en bemark hulle goedere, dus is daar baie bewustheid in die mark en die name baie bekend/herkenbaar.
  Handelsnaametiketklere word geadverteer en uitgebeeld as uiters begeerlik/ moet hê-items – dit skep verbruikersbegeerte, (dit skep verbruikersbegeerte – aanbod en vraag – want daar is groot aanvraag, namaaksels is vrylik beskikbaar) maar namaaksels is meer bekostigbaar.
- Soortgelyk aan die egte produk, daarom kies mense om die namaaksel, goedkoper produk te koop.
- Skep informele werkskepping (verkope langs paaie)

Enige 4 geldige redes

(4) begrip

14.3 *Bepaal drie redes waarom "die handel (van nagemaakte goedere) uiteindelik die ekonomie in Suid-Afrika benadeel".*

- Nagemaakte produkte is gewoonlik van 'n swak gehalte. Dit kan veroorsaak dat klante hulle vertroue in of begeerte na sekere handelsname verloor – die geregistreerde handelsname verloor dan geld en hul reputasie, wat ook tot toekomstige verlies van inkomste kan lei.
- Namaaksels is baie goedkoper as die werklike handelsmerkprodukte – baie mense koop die goedkoper opsie wat tot groot verliese vir die regte handelsname lei, wat geld aan gehaltemateriale, arbeid en reklame spandeer en sodoende werk verskaf.
- Die groot handelsnaammaatskappye maak dan 'n kleiner wins, dus betaal hulle minder sakebelasting, wat 'n invloed op die ekonomie het – belasting is die staat se inkomste.
- Die duurder handelsmerkgoedere kan nie met die goedkoop namaaksels meeding nie, sal dus nie meer in daardie mark beskikbaar wees nie (aanbod en aanvraag). Dit beteken minder mededinging in die markplek.
- Namaaksels is onwettig en word die land ingesmokkel – dus word geen invoerbelasting aan die regering betaal nie – verlies aan staatsinkomste.
- Doeanebeamptes en polisiehulpbronne word gemors deur te probeer om hierdie misdadigers te vang – dit mors die land se hulpbronne, belastingbetalers moet betaal.
- Baie werksverliese in SA is weens die plaaslike tekstiel- en klerebedryf wat onbillike mededinging van goedkoop, nagemaakte goedere kry.
- Nagemaakte goedere wat ingevoer word bevoordeel ander lande se ekonomie i.p.v. om die geld in Suid-Afrika te hou.

3 faktore bespreek

(3 × 2 = 6) begrip

[12]

50 punte

IEB Copyright © 2016

AFDELING C BEHUISING EN MEUBLEMENT EN DIE VERBRUIKER

VRAAG 15

15.1	B
15.2	D
15.3	D
15.4	A, C
15.5	B, D

[7] K

VRAAG 16

16.1

B	C	F

(3) K

16.2

D	E	G

(3) K

16.3

A	D	E

(3) K

Letters kan in enige volgorde wees
[9]

VRAAG 17

Daar is tans 'n energiekrisis in Suid-Afrika. In die lig hiervan, verduidelik twee redes hoekom dit vir alle verbruikers belangrik is om elektrisiteit spaarsamig te gebruik.

- Steenkool word gebruik om elektrisiteit te produseer – fossielbrandstof is 'n niehernubare bron.
- Nywerheid en vervaardiging het voldoende energie nodig – gebrek aan energie het 'n nadelige uitwerking op die ekonomie van die land, aangesien fabrieke nie op volle sterkte sal funksioneer nie – kan tot verlaagde produksie en werksverliese lei. Indien verbruikers minder gebruik, sal daar meer vir handel en nywerheid beskikbaar wees.
- Kragstasies gebruik 2 ℓ-water per kWh elektrisiteit wat opgewek word – ook skaars hulpbron, duur, moontlik watertekort in die toekoms.
- Groter vraag as aanbod, dus moet ons almal verbruik verminder om te help om die behoefte aan beurtkrag te verminder, wat ongerieflik en nadelig vir die bestuur van huishoudings/klein sake vanaf die huis is.
- Styging in koste van elektrisiteit – raak verbruiker se sak.

Aanvaar ½ punt indien rede gegee word maar nie bespreek word nie
2 redes verduidelik, nie net gelys nie, moet met energiekrisis in SA verband hou
[2] begrip

VRAAG 18

18.1 *Identifiseer die tipe huiseienaarskap wat in die advertensie uitgebeeld word.* (1) toep
Deeltiteleienaarskap

18.2

F	A	E/D	D/E	G	B	C

(7) toep

18.3 *Verskaf die ontbrekende dele van die volgende stellings. Skryf slegs die woorde neer.*

18.3.1 die eiendom in hul naam geregistreer is /datum van oordrag

18.3.2 die plaaslike munisipaliteit /munisipaliteit

18.3.3 markwaarde /prys/ligging/grootte van eiendom/munisipale waardasie (3) K

18.4 *Lys vier "versteekte koste" (bo en behalwe die prys van die woonstel) waarvoor hulle verantwoordelik sou wees indien hulle die woonstel sou koop. Bring jou antwoord spesifiek met die eiendomskooptransaksie in verband.*

- Administrasiekoste (*maandeliks aan bank betaal vir administrasie van verband*).
- Aanvangsgeld (*aan bank vir verwerking van die aansoek*).
- Waardasie- of inspeksiegeld (*aan bank om eiendom te assesseer*).
- Seëlreg (= *belasting, by verbandregistrasiegeld ingesluit*).
- Verpligte versekering (*HOC*) om vervangingskoste van woonstel te dek (*bv. in geval van 'n brand*).
- Lewensversekeringspolis (*in geval die eienaar te sterwe kom – sal verband terugbetaal*).
- Deel van eiendomsbelasting/tussentydse tariewe (*vir die tyd tussen registrasie van eiendom en die datum wanneer die volgende eiendomsbelastingbetaling betaalbaar is*).
- Tussentydse rente (*indien verbandregistrasie vertraag is – van die tyd wat die lening toegestaan is tot die datum van die eerste betaling*).
- Okkupasiehuur/-rente (*indien hulle voor die oordragdatum intrek*).
- Oordragskoste
- Oordragsfooie (fooie vir aktemakery/transportbesorging)
- Transportakte kantoorfooie/Verband registrasie fooi
- Akteskantoorfooie (4) K

Enige 4 (nie deposito nie, verhuisingskoste, verbandbetalings, versekering van inhoud, ens.)

18.5 *Verduidelik die volgende terme in verband met die koop/verkoop van eiendom:*

18.5.1 *Elektriesevoldoening-sertifikaat*
Wanneer 'n huis/gebou verkoop word, moet die elektrisiteitstoevoer en -bedrading deur 'n gekwalifiseerde elektrisiën vir veiligheid (SA nasionale regulasies) nagegaan word – die oordrag kan nie deurgaan sonder hierdie sertifikaat nie; die elektriesevoldoening-sertifikaat moet deur die verkoper bekom (en betaal) word. (3) K

18.5.2 *Transportakte*
Dokument wat eienaarskap van die eiendom bewys; dit gee al die besonderhede van die eiendom en die wettige eienaar; word by die

Aktekantoor bekom wanneer die oordrag van eienaarskap regtens plaasgevind het. 'n Afskrif word by die Aktekantoor as bewys van eienaarskap gehou. (2) K

18.5.3 *Alleenmandaat*
Dokument/ooreenkoms wat deur beide die verkoper en eiendomsagent onderteken is en die agent toestemming gee om die enigste een te wees wat die huis mag bemark. (2) K

18.6 *Evalueer die geskiktheid van hierdie huis vir die behoeftes van die paartjie deur drie voordele en drie nadele te bespreek. Kom tot 'n gevolgtrekking.*

Voordele:
- Sekuriteit is goed – omhein, elektriese hek, naby aan ander.
- Maklike instandhouding – klein; hulle hoef nie die buitekant in stand te hou nie.
- Woonstelle is gewoonlik in stedelike gebiede – redelik naby aan werk/maklike toegang tot werk en geriewe (*hulle betaal eiendomsbelasting en diensgelde, dus is dit in 'n munisipale gebied*).
- Twee slaapkamers – een spaarslaapkamer vir gaste, aangesien hulle daarvan hou om te onthaal.
- Toe balkon = ekstra leefruimte/onthaalruimte.
- "Pragtige kombuis" – hulle hou daarvan om te onthaal.
- Ruim kamers – hulle hou daarvan om vriende te onthaal.
- Eiendomsbelasting – minder as vir 'n vry eiendomsreghuis; 'n voordeel vir 'n jong paartjie.
- Lugversorging kan dit geriefliker in die somer en die winter maak.
- Kan as sekuriteit gebruik word vir krediet (kollateraal)
- Om 'n eiendom te koop is dus 'n bate/belegging
- Kan in jou testament agtergelaat word
- Parkeerarea – hoef nie in die straat te parkeer nie

Nadele:
- Sal 'n heffing moet betaal – ekstra koste vir begroting (hoewel 'n heffing voordele het, soos instandhouding van die buitekant van die gebou en gemeenskaplike gebiede)./Verhoogde kostes a.g.v. bygevoegde erfbelasting
- Lugversorging – duur om aan die gang te hou.
- Slegs een badkamer wat gedeel moet word, ook wanneer hulle gaste het wat oorslaap.
- Slegs een parkeerplek en geen toesluitgarage nie.
- Wanneer hulle onthaal, sal hulle van nabygeleë bure bewus wees (lawaai).
- Bure kan lawaaierig wees en hulle pla.
- Wanneer hulle 'n gesin het, kan die woonstel te klein vir hulle word.

Gevolgtrekking:
JA – 'n tweeslaapkamerwoonstel is 'n goeie eerste huis vir 'n jong paartjie/om te koop is 'n belegging eerder as om huur te betaal – hulle kan verkoop wanneer hulle 'n groter plek nodig het/hulle sal 'n deposito hê indien hulle vir 'n wins verkoop/ toesluit-en-ry-leefstyl/om hul verband te betaal, is 'n tipe gedwonge spaar …

OF:
NEE – om 'n woonstel te koop, is nie 'n goeie idee nie – hulle sal moet verkoop indien hulle wil trek = ekstra beslommernis/hulle moet huur totdat hulle genoeg

gespaar het/huur totdat hulle hul ideale huis gevind waarin hulle vir lank kan bly/koop eerder iets geskik vir 'n gesin.

3 geldige voordele en 3 geldige nadele, moet met gevallestudie verband hou (6)
Assesseer geskikte motivering vir gevolgtrekking (1)
(7) eval

18.7 *Indien Alan en Mandy nie 'n geskikte huis in die mark kon kry nie, is 'n ander opsie om 'n huis te laat bou.*
Lys vier kontraktuele verantwoordelikhede waarvan hulle bewus moet wees wanneer 'n kontrak met 'n bouer/eiendomsontwikkelaar gesluit word.

- Maak seker hulle verstaan al die bepalings en voorwaardes van die kontrak voordat hulle teken. (gevolge indien kontrak verbreek/kansellasie klousule – van nul en gener waarde)
- Die handtekeninge van albei partye moet deur die getuies gewaarmerk en onderteken word.
- Kontroleer of die bouer by Nasionale Huisbouersregistrasieraad (NHBRC) geregistreer is – nasionale raad vir huisbouersregistrasie. /bouer waarborg
- Gaan bouer se reputasie na en (indien moontlik) finansiële stabiliteit – vermoë om huis klaar te bou.
- Die bouplanne moet deur die munisipaliteit goedgekeur word voordat die bouer begin. (presiese dimensies)
- Hulle en die bouer moet elkeen 'n afskrif van die kontrak en die bouplanne hê. Spesifikasielys moet by die planne aangeheg wees
- Maak seker dat boumateriaal van gehalte gebruik word (SABS).
- Maak seker daar is 'n keerdatum/tydraamwerk vir voltooiing (en strafbeding).
- Die grond moet op hul naam oorgedra word voordat bouwerk begin.
- Maak seker dat betalings betyds aan die bouer gemaak word, soos wat die bouwerk vorder. (uiteensetting van kostes) (4) K

18.8 *Stel vyf maniere met redes voor, waarop hulle elektrisiteitsverbruik in hul huis kan verminder.*

- Isoleer die huis behoorlik, veral die plafonne. Dit sal besparing op verhitting/verkoeling wees.
- Maak seker die huis wys noord wanneer gebou word/het groot vensters wat noord wys om natuurlike hitte en lig maksimaal te benut – minder kunsmatige beligting en verhitting nodig.
- Beperk vensters wat wes wys/beskadu vensters aan die westekant met hortjies/luike of sonkappe om die hoeveelheid hitte wat instraal, te verminder/minder waaier of lugversorgers nodig.
- Kry diep dakrande/dakoorhange om mure en vensters te beskadu ten einde kamers koeler te hou.
- Installeer gas vir verhitting en kook om die hoeveelheid elektrisiteit wat gebruik word, te verminder.
- Installeer sonpanele om water te verhit om van gratis energie van die son te gebruik en minder elektrisiteit nodig is.
- Kry 'n tydskakelaar op die geiser sodat dit vir 'n kort rukkie elke dag aan is.
- Kry 'n geiserkombers en isolasie rondom warmwaterpype ten einde hitteverlies te verminder.
- Gebruik ligte kleure binne om lig te weerkaats en die behoefte aan kunsmatige beligting deur die dag te verminder.
- Koop toestelle wat "A" energiegradering het – gebruik minder elektrisiteit.

IEB Copyright © 2016

- Gebruik energiebesparende gloeilampe/LED-ligte wat minder elektrisiteit gebruik.
- Skakel die ligte af indien nie in ’n vertrek nie + rede
- Ontkoppel toerusting, indien dit nie gebruik word nie + rede
- Hang klere buite i.p.v. in ’n tuimeldroër + rede
- Was in 'n kouewater siklus + rede
- Gebruik komberse i.p.v. verwarmers om warm te bly

Halwe punte indien voorstel sonder ’n rede gegee word
Assesseer vyf geldige voorstelle wat verduidelik is.

(5) begrip

18.9 *Vergelyk twee finansiële implikasies vir Alan en Mandy om 'n huis te besit of te huur.*
Beantwoord in tabelvorm soos hieronder aangedui is.

Besit	Huur
Langtermynbelegging/groot finansiële verbintenis, maar verskaf sekuriteit op die lang duur.	Hulle sal meer besteebare inkomste hê, maar nie behoorlike belegging of bate nie.
Potensiële groei van rykdom – veral in 'n goeie gebied, herverkooppryse styg/wins uit verkoop.	Geen finansiële groei nie, aangesien jy nie 'n bate besit nie/jy betaal iemand anders se verband.
In staat om jou eiendom op te knap en op te gradeer, dus die waarde van jou bate te verhoog.	Eiendom behoort nie aan jou nie, dus kan nie strukturele veranderings aanbring nie – maar spaar geld, aangesien instandhouding deur die eienaar gedoen word.
Styging in terugbetalings weens styging in rentekoerse is 'n moontlikheid, maar mens kan rente vir 'n tydperk vasmaak sodat dit makliker is om te begroot.	Geen beheer oor jaarlikse huurgeldskommelings nie, wat regstreeks deur inflasie beïnvloed word. Huur gewoonlik vasgestel vir ’n sekere periode
Het altyd 'n dak oor jou kop, aangesien jy tot 'n finansiële bate bydra.	Geen waarborg van hernuwing van huurkontrak nie – kan sonder 'n dak oor jou kop gelaat word – geen bate nie.
Aftreejare – verband is afbetaal, het dus 'n veilige huis en meer besteebare inkomste vir aftrede.	Aftreejare moeilik om by te hou met huurgeld op 'n pensioen (vaste inkomste).
Kollateraal (sekuriteit) vir 'n lening of krediet	Behoort nie aan hulle nie, kan dus nie gebruik word vir sekuriteit nie
Instandhouding is duur en die eienaar moet die kostes dra	Instandhouding word deur die eienaar gedoen en word deur hom/haar betaal
Eienaar verantwoordelik vir die water-, elektrisiteitsrekening en tariefbetalings	Water – en elektrisiteitskoste hang af van die huurkontrak
Eienaar verantwoordelik vir eie sekuriteitsmaatreëls	Sekuriteit word deur die eienaar betaal en is dus nie 'n bykomende uitgawe nie.
As nie verband nie betaal word nie – kan teruggeneem word	Indien huur nie betaal word nie, kan huurkontrak beëindig word

Direkte vergelyking tussen om te besit en te huur word vereis

(2 × 2 = 4) begrip

[42]

60 punte

AFDELING D GEÏNTEGREERDE UITGEBREIDE SKRYFRESPONS

VRAAG 19

Gebruik onderstaande uittreksel uit 'n artikel op die City Press *webwerf om jou te help om Vraag 19 te beantwoord.*

Daar word aanbeveel dat totale skuldterugbetalings nie meer as 30% van inkomste beloop nie, maar baie Suid-Afrikaners betaal tot 76% van hul inkomste aan skuldterugbetaling. Bespreek die volgende:

Die invloed van inflasie op verbruikers:
Definisie vir inflasie
Die pryse van goedere en dienste styg, wat beteken geld is minder werd, aangesien dit minder koop.
Bv. die artikel sê: "Voedselinflasie is tans 5% of 6%" – dit beteken dat voedselpryse met 5–6% vergeleke met die vorige jaar gestyg het.
Verbruikers met vaste inkomste kan ervaar dat hul lewenstandaard daal, (kan nie aan behoeftes voldoen nie) aangesien hulle nie kan bekostig wat hulle voorheen kon koop nie.
Verbruikers met hoë skuldvlakke sal met inflasionêre prysstygings sukkel, aangesien hulle min of geen spaargeld het nie.
Verbruikers wat spaargeld en belegging het, kan geld verloor, aangesien hul spaargeld mettertyd waarde sal verloor – rentekoerse klop dikwels nie die inflasiekoers nie.
Verbruikers wat geld skuld, bv. op lenings, kan baat indien rentekoerse laer as die inflasiekoers is omdat wat hulle terugbetaal minder werd is as die geld wat hulle geleen het.
Verbruikers kan nie bekostig om vir hulle toekoms te spaar nie

4 geldige punte bespreek (4) K

Die invloed van hoë skuldvlakke op wanvoeding by Suid-Afrikaners:
Gesinne wat tot 76% van hul inkomste aan skuld betaal, beteken daar is baie min geld oor vir kos. Hulle sal goedkoop kos koop (soos brood, mieliemeel, margarien, verwerkte vleis, soos polonie) wat nie voedingstofdig is nie en sal nie voedsame voedselsoorte bevat nie (soos proteïne van 'n goeie gehalte, vrugte, groente, suiwelprodukte en gesonde vette), wat duurder is.
Hulle voedselinname sal ontoereikend wees – dit beteken onvoldoende kilojoules en ook 'n gebrek aan voedingstowwe. Ondervoede volwassenes sal ondergewig/swak/sieklik wees, terwyl kinders onderontwikkel sal wees/nie behoorlik groei nie en nie energie hê nie. Hulle sal aan verskeie gebreksiektes ly, soos kwasjiorkor, marasme/uittering en skeerbuik/afsterwe/dood
Aan die ander kant, baie mense wat van goedkoop kos leef, is swak gevoed weens 'n gebrek aan 'n gebalanseerde dieet, maar het te veel kilojoules van energiedigte voedselsoorte met lae voedingswaarde, dus is hulle oorgewig. Hulle sal ook waarskynlik gebreksiektes hê.
Voedselsekuriteit = hoë skuld lei tot verminderde voedselsekuriteit
Inflasie – gebrek aan opleiding omdat skoolfooie ens. onbekostigbaar is, lei tot armoede, wanvoeding, werkloosheid (gebrek aan vaardighede).
Slegte skuld – geen skoon water (rekenings word nie betaal nie) lei tot ander siektes, soos kolera, E. coli.

8 geldige punte bespreek (8) eval/sin

IEB Copyright © 2016

Ander moontlike gevolge wat verbruikerskuld op die Suid-Afrikaanse bevolking as 'n geheel, inhou.

In die artikel is dit duidelik dat Suid-Afrika 'n land is wat in krediet verdrink. Verhoogde krediete kan tot verhoogde rentekoerse lei – een van die metodes wat die regering gebruik om verbruikersbesteding te verminder, wat verdere spanning op verbruikers met baie hoë skuldlaste plaas.

Mense raak desperaat wanneer hulle hoë skuld het en kan hul tot misdaad wend om te probeer om die skuld terug te betaal – verhoogde misdaadkoers.

Desperate mense kan hulle tot gewetenlose mikroleners ("woekeraars") wend en hulleself nog verder in die skuld dompel.

Laer verbruikersbesteding weens hoë skuldterugbetalings lei tot minder produksie en kan tot werkverliese lei. Kan tot ekonomie resessie lei.

Gesinne het nie basiese noodsaaklikhede nie en lewenstandaard sal afneem weens minder besteebare inkomste.

Hoë skuldvlakke beteken geen spaargeld vir die toekoms nie, d.i. aftrede, dus raak mense afhanklik van die regering vir finansiële bystand in hul aftreejare.

Meer mense word afhanklik van die regering wat kan lei tot belastingverhogings en ekstra las op staat se gesondheidsdienste

Verlies van hulpbronne (huis, motor, meubels, ens.) vir gesinne kan ook 'n gevolg wees – weens onbeheerbare skuld en terugneming van goedere ten einde skuld terug te betaal.

Stres en depressie neem toe en gesinseenheid kan verbrokkel weens skuldlas. In uiterste gevalle kan selfdood voorkom.

Minder, luukse goedere word gekoop – minder invoere – minder invoerbelasting word aan die regering betaal

Beleggers kan aan die land onttrek

Stakings = nie genoeg inkomste nie (skuld) beïnvloed ekonomie

Inflasie – gebrek aan opleiding omdat skoolfooie ens. onbekostigbaar is, lei tot armoede, wanvoeding, werkloosheid (gebrek aan vaardighede).

Inflasie en skuld het ’n negatiewe effek op voedselsekuriteit in die land – nie genoeg voedsame en bekostigbare kos vir mense nie

8 geldige punte bespreek (8) eval/sin

20 punte

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2016